

Maties Vriende van Afrikaans

SR-kantoor, Privaatsak X1, Matieland, 7602

Nuusbrief 96/4, 15 Augustus 1996

Beste Vriend

Liewer laat as nooit! Dié nuusbrief kon nie verskyn voordat die reëlings vir ons groot braai gefinaliseer is nie. Netnou meer daaroor.

MVVA maak goeie vordering in die Neelsie: besighede reageer op ons versoeke deur sigbaar meer taalbewus op te tree. Ons aksies geniet ook die steun van die sentrumbestuurder, **Tammy Holroyd** en die SR-lid belas met die Neelsie, **Space du Preez**.

Ná versoeke deur MVVA dat *The Nutshell* se taalbeeld meer verteenwoordigend van dié van sy klante moet word, het die eienaar, **Isak Niemand**, besluit om sy plek te herdoop en daarmee saam ook die karakter daarvan te verander. *Die Krokodil* is gebore! (Hulle werk nog aan 'n logo.) Volgens Isak bied hulle nou krokodilpastei en krokodilpotjie-geregte aan honger studente. Sy winkel is reeds bekend vir heerlike vars lemoensap. Loer gerus daar in: ons ondersteun graag besighede wat ons taal (en dus vir ons) respekteer.

'n Baie oulike eetplek het laasweek in die Neelsie oopgemaak. *Mary se Plaaskombuis* staan onder eienaarskap van **Mary Wepener** en **Natasha Görgens. Randall** en **Koba Wicomb** het die gaste by die openingsgeselligheid op hul unieke manier met Afrikaanse volksmusiek en Randall se eie skeppings vermaak. Mary-hulle wil borde regte plaaskos (met 'n koeldrank of koppie koffie op die koop toe) vir slegs tien rand aan studente lewer. Spitbraaie en groeps-funksies is hul spesialiteit en beloop om nog 'n legende op Stellenbosch te word.



Nog iets oor die Wicombs: Randall (en sy gesin) se CD *Uiteindelik!* is onlangs hier op die dorp bekendgestel. Hierdeur lewer hy weereens 'n bydra tot die Afrikaanse musiekskat. Hy voel dat mense kompleksiteit met skoonheid verwar. Hierdie skoonheid is juis te

vind in volksmusiek. Min mense het al deur sang meer vir ons volksmusiek gedoen as juis hy: ondersteun hom gerus.

André Badenhorst, een van ons komiteelede, het dit reggekry dat *Prontaphone* ook Afrikaanse kennisgewings binne die winkel gaan aanbring. Hy het vir hulle die vertaalwerk behartig.

"In fifty years, fight and struggle against it as we wish, there will be no Boer in South Africa speaking the Taal, save as a curiosity, only the great English-speaking South African people."

Olive Schreiner, 1896


Alles is egter nog nie wel in die Neelsie nie. Identifiseer die plekke wat Afrikaans afskeep en spreek hulle daarvoor aan. Gee raad oor moontlike veranderinge en bied jou hulp aan met vertaalwerk. So slaan jy 'n bres vir Afrikaans terwyl jy goeie verhoudinge bevorder. Gaan gesels met die mense wanneer daar sigbare verbeterings is. Bedank hulle daarvoor, verseker hulle van jou ondersteuning en moedig hulle aan om die goeie werk voort te sit.

Ons gesels tans met die Stellenboschtak van *Vriende van Afrikaans* oor 'n banier vir ons vereniging. Dit sal MVVA se sigbaarheid in die Neelsie verhoog en vertoon kan word by aktiwiteite waar ons betrokke is.

MVVA se jaarlikse braai begin om 19:00 op 12 September 1996 in Die Stal op Coetzenburg. Vleis, wors, brood en slaai word gratis aan lede voorsien en 'n kontantkroeg is beskikbaar. 'n Bobaas-storieverteller van die Kaap sal ons met sy snaaksighede vermaak.

MVVA se dank word by voorbaat uitgespreek teenoor *Neelsie Sentra* vir hul ondersteuning met die braai. **Gerhardt Jooste**, bestuurder van die winkel en self 'n lid van MVVA, bied ons lede boonop 5% afslag op alle aankope van R20 of meer by die toon van hul MVVA-ledekaartjies. Dit geld tot 25 Augustus. Hy het die volgende

stukkies statistiek omtrent sy winkel te vertel: tydens die eerste elf dae van die kwartaal het 14 311 mense 35 786 artikels daar gekoop. Kyk maar: die kennisgewings in sy winkel is Afrikaans.



Behalwe om die reeds genoemde besighede te ondersteun word lede aangemoedig om iewers in die volgende maand die volgende te doen:

- Maak skriftelik (en mondelings) beswaar by die Intervarsity-komitee en by professor Flip de Wet (Studentesake) oor die feit dat die Intervarsity-reklame oral net in Engels is (kyk maar na die banier in die Neelsie, Matie-TV en plakkate in koshuise en fakulteitsgeboue).
- Gaan bedank *Mo's* dat hulle deesdae hul spesiale aanbiedinge in Afrikaans op die lei voor hul besigheid aandui. Versoek hulle om ook hul prysborde in Afrikaans te vertoon.
- Gee jou besonderhede deur aan **Marlet Potgieter**, Posbus 3256, Matieland, 7599 (telefoon/faks: 887 1999) sodat jy die *Stigting vir Afrikaans* se maandelikse blad *Doendinge vir Afrikaans* kan ontvang. Hierin gee prof. **Johan Combrink** raad oor praktiese maniere om ons taal plaaslik en wyer te bevorder.
- Neem deel aan prof. Combrink se neologisme-kompetisie in *Die Burger*: hoe word 'n groter bydra tot Afrikaans gemaak as juis so!
- Koop 'n Afrikaanse boek.

Laat weet my gerus van enige idees of voorstelle. Kom sien my in Majuba, bel my by 887 3725 of stuur e-pos na 9427015@firga.sun.ac.za.

Groetnis
Johann Lochner